21.15 BESWAARSKRIF : PE VAN DER DUSSEN : TEEN NGB, ART 36 (Artt 19, 42, 208)

A. Die Beswaarskrif word as gestel beskou.
B. **Besluit:** Die Beswaarskrif word verwys na Beswaarskrifkommissie 7.
C. Ds CJJ Putter rapporteer namens die Beswaarskrifkommissie 7.

D. **BESWAARSKRIF**

Beswaar, met 'n beroep op NGB, artt 27-29 teen *Besluit (nr 2) punt 1 (Acta-1982 bls 383vv)* van die een-en-veertigste sinodale vergadering van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika te Potchefstroom op 6 Januarie 1982 en volgende dae

1. Besluit waarteen die beswaar gerig is

1.1 "Besluit (nr 2) punt 1: Die vertaling van die NGB en die Heidelbergse Kategismus soos dit saam met die NG Kerk en NH Kerk afgehandel is, word deur die Sinode aanvaar..." – *Acta 1982:383vv*.

1.2 Hierdie beswaar gaan slegs oor NGB, art 36. Die besluit het NGB, art 36 ingrypend verander.[1] Dit word in Bylae A in besonderhede aangetoon.[2]

1.3 Bylae B verskaf 'n beknopte agtergrondbesinning.

2. Waarom die Beswaarskrif voorgehou word

2.1 Reeds vóór Dordt 1618-1619 was daar eensgesindheid onder Gereformeerdes dat die Belydenis (destyds die NGB en die HK) **ten volle met die Woord van God ooreenstem**. Sedert Dordt word dit (saam met die Dordtse Leerreëls) deur Gereformeerde kerke wêreldwyd so aanvaar. **Wysiging van die NGB (en ander Belydenisskrifte) mag dus slegs aan die hand van die Skrif oorweeg word.** Die besluit deur Sinode-1982 om die Belydenis te wysig vernietig hierdie vastigheid. Dit veroorsaak verwarring en onsekerheid in die Kerke en onder die kerkvolk en bevorder die eeue-oue geneigdheid tot relativisme wat vandag in die postmodernisme tot uiting kom.

2.2 **Wysiging** van die Dordts-Afrikaanse weergawe op die bogenoemde gronde behels dat ondubbelsinnig aangetoon moet word **dat dit nie met die Woord van God ooreenstem nie**; dan bestaan **noodsaak** vir die verwerping van die omstrede weergawe. Indien dit nie gedoen word nie, staan die bestaande weergawe.

2.3 **Vervanging** van 'n verwerpte gedeelte is nie noodsaaklik nie en kan slegs geskied as ondubbelsinnig aangetoon word dat (a) vervanging op sigself **Skriftuurlik noodsaaklik** is en (b) die vervanging **met die Woord van God ooreenstem**. Word hieraan voldoen, móét die vervanging plaasvind, aangesien noodsaak én suiwerheid aangetoon word.

2.4 **As daar nie uitdruklik en onvoorwaardelik aan die bostaande vereistes voldoen word nie, ontneem 'n verandering die Belydenis in geheel van sy vastigheid dat om te bely dieselfde as die Woord van God sê.**

2.5 **Die wesenlike van die 1982-wysiging open die hek na verdere wysiging, selfs op nie-Skriftuurlike oorwegings.** Dat hierdie gevaar nie denkbeeldig is nie en in die denke binne GKSA-verband leef, kom in die volgende voorstel van die Deputate Owerheid Sinode-2003 aan Sinode-2006 tot uiting:[3] *Die Sinode dra dit aan die te benoemde Deputate Owerheid op om op grond van die Gereformeerde Belydenis 'n grondige beoordeling van die grondwetlik-demokratiese staatsbestel waarbinne die RSA tans staan* [te maak]*. ... Die doel wat hierdie beoordeling moet dien, is om in die lig van ons Belydenis, te oordeel hoe die kerk sy taak as dienaar van God binne 'n*

1 Handelinge 1982:383vv.
2 PE van der Dussen: *Kerk van Christus – Waarheen? Reformasie teenoor Transformasie* (Rotsvas Uitgewers, Pretoria, 2006) gee 'n volledige uiteensetting en beredenering van die beswaargronde en die Bylae.
3 Handelinge 2006:175-176, 3.3 en 3.4.

grondwetlike demokrasie kan volvoer. Terselfdertyd moet vasgestel word hoe en of NGB, art 36, volgens sy huidige formulering, uitvoerbaar is binne die staatkundige realiteit waarin ons onsself bevind. In 1994 is 'n grondwetlike demokrasie (regstaat) in Suid-Afrika gevestig wat 'n verskuiwing in die verhouding tussen die owerheid en kerke gebring het.[1] *Sedert 1994 het dit duidelik geword dat die tradisionele werkswyse wat deur die GKSA gevolg is om getuienis teenoor die owerheid te lewer hersien moet word. Terselfdertyd het NGB, art 36 binne 'n historiese konteks ontstaan waarin die teokrasie*[2] *as staatsvorm gehandhaaf is. Die werklikheid is egter dat ons situasie radikaal verskil van die situasie waarbinne die NGB ontstaan het. Dit is daarom noodsaaklik om aandag te skenk aan die hermeneutiese vraagstuk: Hoe lewer ons getuienis binne 'n nuwe staatkundige opset? Hoe kom ons tot 'n verantwoorde lees van die Belydenisskrifte waarin die verskil in historiese konteks ernstig opgeneem word, maar waarin ons steeds poog om ernstig te luister na wat vir ons gesê word?*[3]

Die voorstel is deurspek van subjektiewe bewerings en stellings wat nie die toets van die werklikheid kan deurstaan nie, soos die onsinnige bewering dat teokrasie die staatsvorm in die 16e eeu was. Daarby is die hele benadering 'n voortsetting van die nuwe hermeneutiek wat op die sosio-historiese Skrifuitleg gegrond is. Sinode 2006 het die voorstel nie goedgekeur maar ook nie uitdruklik afgewys nie en nie aan die Deputate of die vergadering van Gereformeerde Kerke uitgewys dat die voorstel met NGB, art 29 in stryd is nie.

Daar is op gewys dat wysiging van die Belydenis slegs mag geskied as uit die Woord van God aangetoon word dat dit nie met die Woord van God ooreenstem nie. **Die Deputate vra egter wysiging van NGB, art 36 op grond van geskiedkundige, polities-staatkundige en ideologiese oorwegings.** Hierteen waarsku d'Assonville[4]: ***Die beleid van die staat mag nooit die belydenis van die kerk, dat die Bybel die gesagvolle Woord van God is, vervang nie.*** **Dit is die profetiese taak van die ware Kerk om te alle tye en onder alle omstandighede op Skriftuurlike wyse uit die Woord van God te getuig**.

Die Kerk mag nie sy seile na die wind van nuwe staatkundige opsette span nie. Hy moet op die vaste grond van die Woord sy amp nakom, dan sal die krag van die profetiese getuienis onskendbaar bly. Of die owerhede na die getuienis van die Kerk luister is nie vir die nakoming van dié ampstaak tersake nie.

2.6 Wysiging van een artikel bring **spanning met ander artikels** mee. NGB, art 36 staan nie los van die res van Nederlandse Geloofsbelydenis (en trouens al die Belydenisskrifte) en bepaaldelik NGB, art 29 nie. Kyk Bylae A par 4.2(1).

2.7 Die 1982-wysiging van NGB, art 36 bring **spanning binne die artikel** mee. Dit geld byvoorbeeld vir die vervanging van *verorden* met *aanstel* wat spanning met die sinsnede *hulle te gehoorsaam in alles wat nie met die Woord van God in stryd is nie* bring.

3. Beswaargrond 1: Die Studiedeputate en die Advieskommissie het volgens die uiteensetting in die Handelinge die opdrag van Sinode 1979 oorskry.

3.1 Opdrag 1.1 van 1979 word so aangehaal: ***'n Grondige, kritiese beoordeling van die voorlopige proefvertaling*** (Acta 1982:383).

Die klem is duidelik **taalkundig**; die besluit self lui dat die vergadering die **vertaling** goedkeur, en verskeie punte in par 2 op p384 bevestig die taalkundige inslag. **NGB, art 36 is egter wesenlik in inhoud en betekenis gewysig sonder dat Skriftuurlik aangetoon word** –

(a) waarom die Dordts-Afrikaanse teks wat regstreeks uit die Dordts-Nederlands vertaal is, ten opsigte van die wysigings Skriftuurlik verkeerd was, en

(b) dat die wysigings Skriftuurlik noodsaaklik én Skriftuurlik suiwer is.

---

1 Die voorafgaande sin is hoogs subjektief, gedrae en omstrede. Kyk NGB, art 29.
2 Daar was in die 16e en 17e eeu geen sprake van teokrasie nie.
3 Voetnoot 4 op die vorige bladsy is ook hier van toepassing.
4 VE d'Assonville sr: *Die Koms van Christus en die Antichris,* Marnix, 2006:73.

Noodsaak vir wysiging is dus nie aangetoon nie.[1]

3.2 **Om die waaragtige geloof te bely beteken om dieselfde as die Woord van God te sê.**[2] **Gereformeerde Kerke wêreldwyd aanvaar die Belydenis omdat dit ten volle met die Skrif ooreenstem. Aangesien die Woord van God onveranderlik is, móét die Belydenis noodwendig as onveranderlik aan-vaar word tensy daar uit die Skrif bewys word dat dit 'n fout bevat.** Totius[3] sê hieromtrent *dat die Gereformeerde oor sy bepaald kerklike belydenis ten volle oortuig is dat die fakkel wat die vaders aan ons oorgelewer het, aan die volle vlam van die Woord van God aangesteek is, en daarom moet ons, volgens die wens van die buitelandse Godgeleerdes op die Dordtse Sinode, 1618-1619, dié fakkel ongerep dra tot op die toekoms van Christus. Aan dié fakkel moet ons siel en sinne verpand wees*. **Totius bevestig dat die Belydenisskrifte net so onveranderlik as die Woord van God is omdat hulle dieselfde as die Woord van God sê.**

3.3 Die 1982 Sinode het die Gereformeerde Kerke met die gewraakte besluit op die glybaan van **relativisme** en **postmodernisme** geplaas. Die wysiging van een artikel raak immers die grondslag van die hele Belydenis.

4. Beswaargrond 2 [Bylae A par 4.2(1)]: *Verorden* in die oorspronklike Dordts-Afrikaanse weergawe is met *aangestel* vervang. Die twee woorde is nie sinoniem nie. Dit behels 'n verreikende betekenisverskuiwing.

4.1 **Dordts-Afrikaanse weergawe:** *Ons glo dat onse goeie God vanweë die verdorwenheid van die menslike geslag, konings, vorste en owerhede **verorden** het, omdat dit Sy wil is dat die wêreld geregeer moet word deur wette en regeringe, sodat die losbandigheid van die mense bedwing kan word en alles met goeie orde onder die mense kan geskied.*

1982-weergawe: *Ons glo dat ons goeie God vanweë die verdorwenheid van die menslike geslag konings, vorste en owerhede **aangestel** het. Dit is immers Sy wil dat die wêreld deur middel van wette en regerings geregeer moet word, sodat die losbandigheid van die mense in bedwang gehou kan word en alles onder die mense ordelik kan verloop.*

4.2 ***Verorden*** beteken volgens die HAT *voorskryf, bepaal, beveel, gelas* en word sinoniem met *verordineer* gestel. Die HAT gee selfs die voorbeeld by *verordineer:* ***Iets wat deur God verordineer is.*** Die Nederlandse teks **wat deur Dordt goedgekeur is**, gebruik eweneens *verorden*. **Met ander woorde, God het bepaal, beveel, gelas, 'n verordening uitgevaardig** dat daar konings, vorste en owerhede moet wees wat oor die verdorwe mense moet regeer, óór hulle moet staan, dus oor-heid of bo-heid oor hulle het, hulle meerdere in mag en gesag is.

Aanstel word deur die HAT omskryf as ***Iemand*** *kies vir 'n pos en hom daarin aanstel*. In die Ou Testament het God tot met die koms van die koningstydperk. Self in 'n teokratiese opset rigters (Moses, Josua en ander) en konings aangestel. Die teokratiese beginsel is dáárin voortgesit dat God Self deur salwing Dawid nie net as koning aangestel het nie, maar sy geslag tot ewige koningskap oor die Godsvolk verordineer het. Met die koms van die Here Jesus Christus en die vestiging van Sy ewige Koninkryk is hierdie opset in die Nuwe-Testamentiese aardse bedeling bevestig. Die ewige koningskap van die geslag van Dawid oor die Godsvolk is in Christus volbring.

- *Aanstel* gee te kenne dat God Self 'n regering-van-die-dag aanstel en dat so 'n regering se woord vir die Godvresende mens ten alle koste wet is. **Watter mens wat God vrees gaan teen Sy aangestelde optree?** Dink aan die straf wat Korag, Datan en Abiram ondergaan het toe hulle teen Moses opgestaan het, aan Dawid se weiering om teen Saul as gesalfde van die HERE op te tree

1 Altans nie in die Handelinge nie. Sekerlik is dit ten opsigte van so 'n kardinale saak noodsaaklik.
2 JG Feenstra: *Onze Geloofsbelijdenis*, Derde Druk, J H Kok NV, Kampen, 1950:8-9.
3 *Versamelde Werke van JD du Toit (Totius),* (hierna Totius), Deel VII, Dagbreek-boekhandel, 1961:11-13.

selfs nadat Saul verwerp is. Die gelowige erken dat God deur Sy Hand konings, vorste en regerings **wil hê en roep** soos Hy elke mens roep. As daar egter bely word dat God owerhede *aanstel*, is dit opstand teen God Sélf om kritiek op 'n regering-van-die-dag uit te spreek, laat staan nog teen hom in te gaan deur vir 'n opposisieparty te stem. **Demokrasie is hiervolgens dan sondig.**

4.3 Die vervanging van *verorden* met *aanstel* bring spanning met die voorwaarde vir gehoorsaamheid aan owerhede: *Verder is elkeen, van watter hoedanigheid, toestand of staat hy ook al mag wees, verplig om hom aan die owerhede te onderwerp, belastings te betaal, aan hulle eerbied te betoon **en hulle gehoorsaam te wees in alles wat nie stry met die Woord van God nie**. Aangestel* ontneem die burgery sy **ampsplig** om owerheidsoptrede deurlopend vanuit Skrif en Belydenis te beoordeel. Dit geld veral die gelowige en veral die Gereformeerde.

4.4 Hierdie wysiging bring die nuwe NGB, art 36 met artt 27-29 in botsing. Die ware Kerk laat hom nie deur menslike denke voorskryf nie, nie vanuit sy eie geledere nie en nie vanuit ander geledere nie. Hierdie Skriftuurlik-voorgeskrewe eis kom duidelik in die gedrang as owerhede deur God *aangestel* sou word.

4.5 Die vervanging van *verorden* met *aanstel* hang saam met die **ont-**persoonliking van owerhede en regerings en die verabsolutering van die staat wat tot die wanopvatting lei dat staat, owerhede en regering-van-die-dag een en dieselfde is en nie onderskeibare ampte binne 'n regime – enige regime – nie.

5. Beswaargrond 3 [Bylae A par 4.2(2). [Kyk ook par 6, 7 en 8]: *Vromes* in die oorspronklike Dordts-Afrikaanse weergawe word met *deugsames* vervang. Hierdie woorde is nie sinonieme nie en die vervanging behels 'n ingrypende betekenisverskuiwing.

5.1 **Dordts-Afrikaanse weergawe:** *Vir dié doel het Hy die owerheid die swaard in die hand gegee om die kwaaddoeners te straf en die **vromes** te beskerm*.
1982-weergawe: *Vir dié doel het Hy die owerheid die swaard in die hand gegee om die kwaaddoeners te straf en die **deugsames** te beskerm.*

5.2 Die vervanging van *vromes* met *deugsames* doen afbreuk aan (a) die begrip **ware Kerk**, (b) die **leerstuk** wat in *Soli Dei Gratia* vervat is, en (c) bevorder die leer van **werkheiligheid. Dit gaan nie meer om die *vromes*, die versamelde Kerk van alle eeue nie, maar om die *deugsames*, dus volgens die HAT die *goeies*.** Elke vrome besit die deugde van die geloof, nie uit homself nie maar omdat dit hom gegee word. **Die deugde van geloof laat ware gelowiges egter juis bely dat hulle uit hulleself géén deugde besit nie en dat daar *niemand is wat goed is nie, selfs nie een nie*.**[1] Dit plaas die 1982-weergawe in spanning met NGB, artt 15-17 wat oor die totale gevallenheid en onverdienstelikheid van die mens en die uitverkiesing gaan. Nogtans bring die deugde van geloof die gelowige tot goeie dade sodat hy deugsaamheid toon. In dié sin is alle vromes dus ook deugsames. Daarteenoor is daar ongelowiges wat **menslik** deugsaam is en "goeie dinge" doen. Alle deugsames is dus nie vromes nie. Die vervanging van *vromes* met *deugsames* bring eie verdienste na vore. Die vraag is geregverdig of die 1982-weergawe van NGB, art 36 met die Dordtse Leerreëls versoenbaar is.[2]

6. Beswaargrond 4 [Bylae A par 4.2(2). Kyk ook par 5, 7 en 8]: Die vervanging van *amp* met *taak* is 'n voortsetting van die vervanging van *verorden* met *aangestel.* Dit plaas die owerheid finaal in die suiwer sekulêre dampkring en ontneem hom van sy verantwoordelikheid as geroepene van God.

1 Rom 3:10-12.

2 Die huidige gesprekvoering oor die vraag of 'n Hindoe wat goed leef in die hemel kom toon dat hierdie saak aktueel is. Die gesprek is nie net in Suid-Afrika onder die leiding van Desmond Tutu en sekere Afrikaanse akademici aan die gang nie, maar vind ook in Nederland en die VSA plaas.

6.1 **Dordts-Afrikaanse weergawe:** *En hulle **amp** is om nie alleen ag te gee op en te waak oor die burgerlike regering nie...*
1982-weergawe: *En dit is nie alleen hulle **taak** om aan die staatsbestuur aandag te gee en daaroor te waak nie...*

6.2 Skriftuurlik beteken *amp* 'n roeping waaruit opdragte en take voortkom.[1] *Taak* is in hierdie raamwerk 'n enger begrip as *amp* en ondergeskik daaraan en kan dit nie vervang nie. Die vervang van *amp* met *taak* is ingrypend[2] en maak NGB, art 36 los van die Kerklike woordgebruik.

7. Beswaargrond 5 [Bylae A par 4.2(3). Kyk ook par 5, 6 en 8]: *Burgerlike regering* word met *staatsbestuur* vervang. Dit is 'n kardinale wysiging wat die wortel van NGB, art 36 raak. Nie meer die burgery of volk staan voorop nie, maar die staat. Rom 13 omskryf die owerheid as *dienskneg van God jou (= burger) ten goede*. In die 1982-weergawe val die klem nie meer op die *amp* van die owerhede om so te regeer dat die vromes 'n stil en rustige lewe kan lei terwyl (omdat) die boosdoeners aan bande gelê word nie. Inteendeel verskuif die klem na die bestuur van die staat.

6.1 **Dordts-Afrikaanse weergawe:** *En hulle amp is om nie alleen ag te gee op en te waak oor **die burgerlike regering** nie...*
1982-weergawe: *En dit is nie alleen hulle taak om **aan die staatsbestuur aandag te gee** en daaroor te waak nie...*

6.2 Die owerhede het volgens Dordt *die **amp** om op die burgerlike regering ag te gee*, wat deur die HAT as *noukeurig waarneem* omskryf word. Die 1982-wysiging maak dit die **taak** van die owerhede *om aandag aan die staatsbestuur te gee. Aandag* word in die HAT as *handeling van oplettend, opmerksaam te wees* omskryf. *Regeer* behels volgens die HAT *bestuur, (opper)gesag uitoefen*. Die Dordts-Afrikaanse weergawe rig ooreenkomstig Romeine 13 in NGB, art 36 die regeeramp op die burgery of volk. Om op die burgerlike regering ag te gee hou in dat die owerhede die uitwerking van hulle optrede op die burgery of volk noukeurig waarneem sodat hulle deurlopend kan verseker dat hulle as owerhede die amp uitvoer waartoe God owerhede verorden het, naamlik dat alles onder die mense ordelik sal verloop en die vromes beskerm en die kwaaddoeners gestraf word. Dit word in die ampsopdrag *om te waak oor die burgerlike regering* verwoord. **Hulle *moet* oor die burgerlike regering waak.**

6.3 In Eks 18:17-22 gee Jetro aan Moses die raad om die eerste twee dele van **oor-**heid[3] te onderskei. Moses moet self die *koningsamp* beklee en *vorste of hoofamptenare* aanstel en aan hulle leiding gee om oor die *volk* toesig te hou en reg te spreek. In Rom 13 word die ampstaak van die oor-heid, *die magte wat oor die mense gestel is* as *'n dienaar van God, **jou ten goede*** omskryf as die beskermer van die vromes en *die wreker wat die kwaaddoeners straf.* **In elke voorbeeld is die *amp* van die oor-heid op die volk gerig, dus op die burgery, en nie op die instandhouding van 'n staat nie.**

6.4 Die 1982-weergawe stel dit as die ***taak*** van die owerhede *om aan die **staatsbestuur** aandag te gee* en daaroor te waak. Daarmee verskuif die klem van die burgery of volk na die bestuur van die staat. *Staat* beteken volgens die HAT *landsregering* of *land. Bestuur* beteken as selfstandige naamwoord *leiding, bewind, beheer*. *Staatsbestuur* beteken dus *die bestuur van die land en landsregering*. Volgens die 1982-weergawe is dit die taak van die owerhede om aan die land en landsregering leiding te gee, oor hulle bewind te voer, hulle te beheer. Dit gaan nie meer oor die beskerming van die vromes en bestraffing van die kwaaddoeners nie, maar oor die bestuur van die staat. **'n Ont-persoonlikte abstrakte instelling neem die plek van die burgery (mense) in**

1 Kyk die Bevestigingsformulier vir Ouderlinge en Diakens.
2 NGB, art 36 stel beginsels waaruit riglyne voortkom. Die praktiese toepassing daarvan kom in die bespreking van KO, art 28 in PE van der Dussen, hfst 5 en 6 na vore.
3 **Oor-heid** dui 'n gesag oor of bo iets of iemand aan. *Ower* kom van *over* wat in Afrikaans *oor* word. *Owerheid* kan dus in *oorheid* oorgesit word. *Owerheid* het die betekenis van 'n regerende of heersende entiteit gekry en is nie hier bruikbaar nie.

as voorwerp van owerheidsoptrede. Dit is strydig met Rom 13 en vreemdsoortig aan art 36 en trouens aan die hele NGB en die heilsopenbaring.

7. **Beswaargrond 6 [Bylae A par 4.2(3). Kyk ook par 5, 6 en 7]: Dit is nie <u>taak</u> van die owerhede om die heilige Woordbediening te beskerm en <u>sodoende</u> afgodery en valse godsdiens teen te gaan nie Sy <u>amp</u> is om die hand te hou aan die heilige Kerkdiens sodat die ware Kerk met die uitvoering van sy amp afgodery en valse godsdiens kan weer en uitroei. Dit gaan in die heilsopenbaring om die uitverkore vromes, die volk wat Christus vir Hom versamel (NGB, art 27). Uit die uitverkiesing kom die <u>amp</u> van gelowige voort wat ook op die owerhede van hierdie bedeling rus**.

7.1 **Dordts-Afrikaanse weergawe:** *En hulle amp is nie alleen om ag te gee op en te waak oor die burgerlike regering nie,* ***maar ook om die hand te hou aan die heilige Kerkdiens, om te weer en uit te roei alle afgodery en valse godsdiens****...*
1982-weergawe: *En dit is nie alleen hulle taak om aan die staatsbestuur aandag te gee en daaroor te waak nie,* ***maar ook om die heilige Woordbediening te beskerm*** *om* ***sodoende*** *alle afgodery en valse godsdiens teen te gaan en uit te roei...*

7.2 Die Kerk is die *versameling* van die vromes, en die plaaslike Kerk is die sigbare *vergadering* van die vromes wat daar saamkom. Volgens die Dordts-Afrikaanse weergawe moet die owerhede *hulle* (let op die meervoudsvorm) *hand aan die* ***heilige Kerkdiens*** *hou*.[1] Hierby mag NGB, art 29 nie uit die oog verloor word nie. in die samehang van die Belydenis kan dit nie anders wees as dat ***Kerk*** **in** ***die heilige Kerkdiens*** **die diens van die** ***ware*** **Kerk** is nie. Die owerhede se ampstaak is nie om die hand aan **enige** kerkdiens te hou nie. Daarvan getuig die toevoeging *om te weer en uit te roei alle afgodery* ***en valse godsdiens****.* Dit is die owerhede se **amp** om **die hand aan die** ***ware*** **Kerk van Christus te hou** en toe te sien dat **geen beletsel op die voortgang van die ware Woord kom nie**.

7.3 Die owerhede se **amp** erken die geroepenheid van die ware Kerk as die verkondiger van die Evangelie. Die owerhede self is nie tot Woordverkondiging geroep nie, maar moet hulle hand aan die ware Kerk hou wat die Woord moet verkondig.

7.4 Die 1982-weergawe van NGB, art 36 gee die owerhede **die** ***taak*** **(opdrag)** ***om die heilige Woordbediening te beskerm***. Dit staan teenoor *hulle* ***amp*** *om die hand te hou aan die heilige Kerkdiens* sodat die Kerk sy profetiese roeping reg en regsinnig kan uitvoer. Die nuwe weergawe roep wesenlik die owerhede op, en gee hulle die reg, om die grens van hulle bevoegdheid te oorskry en hulle aan te matig om sélf die Woordbediening te bedryf en daaroor "toesig" te hou. **Daarmee kom die 1982-weergawe reëlreg in stryd met NGB, artt 27-29.** Dit is 'n ingrypende verandering wat die verhouding Kerkowerheid in die wortel raak. Nie net lê dit op die weg van (na) 'n staatskerk nie. **Die kerk gee in die wysiging aan die owerheid gesag om oor hom te heers en open die weg tot 'n staatsbeheerde kerk. Dit tas die Skrifbeginsel aan dat die ware Kerk net één Koning ken – die vleesgeworde Woord Jesus Christus die Here.**

8. Beswaargrond 7 [Bylae A par 4.2(4) en (5)]: Die Dordts-Afrikaanse weergawe gebruik die woord ***weer*** **van afgodery en valse godsdiens.** ***Weer*** **beteken** ***keer, teëhou, afwend,*** **dus optrede met 'n sigbare doel. Die ware Kerk hou die kwaad weg van die kudde wat aan hom toevertrou is. Geloofsbelydenis is immers deel van die vertroosting van die volk wat Christus vir Hom as Kerk vergader en staan teenoor die wêreld se aanslag op die ware Kerk. Hierteenoor gebruik die 1982-weergawe** ***teen te gaan*** **wat baie swakker en sonder doel is. Die verandering bevry die owerhede van die amp om die hand aan die heilige Kerkdiens te hou.**

---

1 Die Nederlands gebruik *kerk**en**dienst* wat beteken dat dit die amp van die owerhede is om hulle hand aan **elke plaaslike kerkdiens** te hou.

8.1 **Dordts-Afrikaanse weergawe:** *En hulle **amp** is nie alleen om ag te gee op en te waak oor die burgerlike regering nie, maar ook om die hand te hou aan die heilige Kerkdiens, om te weer en uit te roei alle afgodery en valse godsdiens, **om die ryk van die Antichris te gronde te rig** en die koninkryk van Jesus Christus te bevorder, die Woord van die Evangelie orals te laat preek, sodat God deur elkeen geëer en gedien word, soos Hy in sy Woord beveel.*

1982-weergawe: *En dit is nie alleen hulle **taak** om aan die staatsbestuur aandag te gee en daaroor te waak nie, maar ook om die heilige Woordbediening te beskerm om **sodoende** alle afgodery en valse godsdiens teen te gaan en uit te roei, **die ryk van die Antichris te vernietig en die koninkryk van Jesus Christus te bevorder,** die Woord van die Evangelie orals te laat verkondig, sodat God deur elkeen geëer en gedien word soos Hy in sy Woord beveel.*

8.2 ***Sodoende*** in die 1982-weergawe verwys na die voorafgaande sinsnede *om die heilige Woordbediening te beskerm*. Dit is onaanvaarbaar in die samehang dat dit die owerhede se **taak** is *om die heilige Woordbediening te beskerm*. Geen owerheid is bevoeg en in staat hiertoe nie. Gevolglik is geen owerheid in staat om langs hierdie weg afgodery en valse godsdiens teen te gaan en uit te roei nie. **Die owerhede se *ampstaak* is om toe te sien dat niks die ware Kerk hinder in die uitvoering van die ampstaak wat aan hóm toevertrou is nie, naamlik die verkondiging van die Evangelie.**

8.3 Die Dordts-Afrikaanse weergawe gebruik *die ryk van die Antichris **te gronde te rig***. Dit geskied deur die instandhouding van die ware Kerk wat die ampstaak het om die ware Evangelie orals en altyd te verkondig, wat insluit dat die Duiwel as die opdraggewer van die Antichris reeds verslaan is. Dink aan die rots wat **sonder toedoen van mensehande** losgeraak en die beeld wat Nebukadneser in 'n droom gesien het, fyngestamp het, ook die goud en silwer en ander metale daarin, sodat dit soos stof geword en deur die wind weggewaai is (Dan 2). Nie deur mensehande nie, maar deur God Self is die ryk van Antichris deur die Here Jesus Christus met Sy dood en opstanding vernietig, ook al lê die sigbaarheid daarvan nog in die aardse toekoms (Op 17-20). Die 1982-weergawe se ***die ryk van die Antichris te vernietig*** misken dit. Geen aardse mag is in staat om die ryk van die Antichris te vernietig nie. Die mens is van nature tot die sonde geneig en veral om God en sy naaste te haat. Daarin en daarmee bevorder die mens eerder die ryk van die Antichris. Dit geld ook vir aardse owerhede wat uit mense bestaan. Hierdie wysiging is nie net aanmatigend nie, **maar in stryd met die Belydenis self dat die mens net deur die genade van God staande kan bly.**

9. Beswaargrond 8 [Bylae A par 4.2(7) tot (9)]: *Eerbied* beteken *hoogagting* en *eer* beteken *agting, aansien*. Die invoeging van *onderdanigheid* in die 1982-weergawe hang met die klemverskuiwing van *burgerlike regering* na *staatsbestuur* saam. Dit is 'n verswakking van die daaropvolgende voorwaardelike vereiste dat die owerhede gehoorsaam moet word in alles wat nie met die Woord van God in stryd is nie.

9.1 **Dordts-Afrikaanse weergawe:** *Verder is elkeen, van watter hoedanigheid, toestand of staat hy ook al mag wees, verplig om hom aan die owerhede te onderwerp belastings te betaal, **aan hulle eerbied te betoon** en hulle gehoorsaam te wees in alles wat nie stry met die Woord van God nie; vir die owerhede voorbidding te doen, **sodat die Here hulle mag bestuur in al hulle weë** en ons 'n rustige en stil lewe kan lei in alle Godsvrug en waardigheid. Wat dit betref, verwerp ons die Wederdopers en ander oproerige mense; en in die algemeen almal wat die owerhede en regeerders verwerp en die regterlike mag omver wil stoot, wat die gemeenskap van goedere invoer en die eerbaarheid wat God onder die mense vasgestel het, in verwarring bring.*

1982-weergawe: *Verder is elkeen verplig, van watter hoedanigheid, rang of stand hy ook al mag wees, om hom aan die owerhede te onderwerp, belasting te betaal, **aan***

***hulle eer en onderdanigheid te bewys**, hulle te gehoorsaam in alles wat nie met die Woord van God in stryd is nie en vir hulle voorbidding te doen **dat die Here hulle in al hulle handelinge mag bestuu**r, sodat ons in alle Godsvrug en eerbaarheid 'n rustige en stil lewe kan lei. Hierin verfoei ons die Wederdopers en ander oproerige mense en in die algemeen almal wat die owerheidsgesag en regeerders wil verwerp en die regsorde omver wil stoot, terwyl hulle die gemeenskaplike besit van goedere invoer en die eerbaarheid wat God onder die mense ingestel het, versteur.*

9.2 Die Dordts-Afrikaanse weergawe stel as die plig van die onderdane om vir die owerhede voorbidding te doen **sodat** die Here hulle mag bestuur in al hulle **weë en** ons 'n rustige en stil lewe kan lei. Die gebruik en plasing van **sodat** toon dat die bestuur deur die Here plaasvind *omdat die onderdane daarom bid* en so hulle afhanklikheid van die Here erken. Uit die bestuur van die owerhede vloei voort, soos die gebruik van **en** aantoon, dat ons 'n rustige en stil lewe kan lei. Daarteenoor stel die 1982-weergawe dat die onderdane vir die owerhede voorbidding moet doen **dat** die Here hulle mag bestuur **sodat** ons 'n rustige en stil lewe kan lei. Die Dordts-Afrikaanse weergawe stel bestuur en uitvloeisel op dieselfde vlak en deel van dieselfde optrede. Die nuwe weergawe wil egter dat die rustige en stil lewe uit die bestuur deur die Here sal voortkom.[1]

9.3 Voeg hierby dat volgens die Dordts-Afrikaanse weergawe uit die voorbidding voortspruit dat die Here die owerhede *in al hulle weë* mag bestuur. Die 1982-weergawe vervang *weë* met *handelinge*. Idiomaties is weë 'n wye begrip, iets soos gedrag, optrede, voorkoms, houding, gesindheid, gerigtheid, 'n omgewing of milieu, 'n lewenswyse. Daaruit kan dan seën kom. Daarteenoor is handelinge sinoniem met dade en 'n verenging van inslag en gee die hersiene weergawe te kenne dat uit die dade 'n rustige en stil lewe bewerkstellig word.

9.4 *Waardigheid* word in die 1982-weergawe met *eerbaarheid* vervang. Waardigheid beteken volgens die HAT in hierdie samehang *eerbiedwekkend, beheers, ernstig*. Daarteenoor word eerbaarheid met *agtenswaardig* gelykgestel. Waardigheid hou dus die persoonlike gedrag van elke mens in, terwyl eerbaarheid sy beeld na buite beklemtoon, dit wil sê hoe ander mense hom sien. In die Gereformeerde geloofslewe moet waardigheid voorkeur geniet.

9.5 Die Wederdopers word in die 1982-weergawe nie ***verwerp*** nie, maar ***verfoei.*** *Verwerp* veronderstel optrede, terwyl *verfoei* bloot 'n gevoel weergee. Verder word *owerhede* wat uit mense bestaan met die abstrakte ontpersoonlikte *owerheids-gesag* vervang.[2] Net so word die persoonsgebonde *regterlike mag* – die mag van regters, mense – met die abstrakte *regsorde* vervang. *Gemeenskap van goedere* word met *gemeenskaplike besit van goedere* vervang. Hierdie beweging weg van mense na begrippe bring die vraag na vore: **Wie dra die verantwoordelikheid?** Met koppeling aan persone rus die verantwoordelikheid op hulle, maar in die geval van liggame en begrippe word die verantwoordelikheid gemaklik ontduik deur “die stelsel” te blameer wanneer iets fout loop. Dit sluit aan by die vroeër gemelde verandering van burgerlike regering na staatsbestuur.

10. Bevindings en Gevolgtrekkings

10.1 Wesenlike betekenisveranderinge het met die 1982-wysiging van NGB, art 36 plaasgevind. Die GKSA hou dus tans 'n ander Belydenis oor die verhouding tussen owerhede en burgery as voor 1982 daarop na. Die betekenisveranderinge draai sterk, maar nie uitsluitlik nie, om die heersende oorbeklemtoning van (die taak van) die Staat as selfstandige entiteit eerder as owerhede as dienaars van God om oor mense te regeer.

---

1 DCS van der Merwe het 'n Beswaarskrif oor probleme met die bywoord **om** in NGB, art 36 aan Sinode 1973 (Acta 1973:191vv) voorgelê. Dit bied insig in die behandeling van die bywoorde **sodat** en **so** en **dat** en die voegwoord **en** in hierdie uiteensetting.

2 Kyk hieroor LS Kruger, HLM du Plessis, B Spoelstra en TT Spoelstra: *Handleiding by die Kerkorde van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika,* Pro Rege Pers Beperk, Potchefstroom, 1966:169-170.

10.2 **Die Gereformeerde Kerke aanvaar slegs 'n Belydenis wat in alle opsigte met die Woord van God ooreenstem.** En die Woord van God bestaan tot in ewigheid en is onveranderlik[1] waaruit voortspruit dat die Belydenis vas en bindend is en slegs verander mag word as aangetoon word dat dit in stryd met die Woord van God is.[2] Dit is ten opsigte van die 1982-wysiging van NGB, art 36 nie voldoende en onteenseglik aangetoon nie. Inteendeel toon die voorgaande uiteensetting dat daar meerdere ernstige bedenkinge oor die 1982-weergawe bestaan en wel op Skriftuurlike en Belydenisgronde. Diepgaande besinning oor die wysiging van of in die NGB (en ander Belydenisse) is noodsaaklik en deurslaggewend terwille van die Skriftuurlike suiwerheid daarvan.

11. Versoek

Die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika, in hulle afgevaardigdes DV in vergadering byeen in Januarie 2009, word in die lig van die beredenering hierbo versoek -

11.1 om Besluit (nr 2) punt 1 (Acta 1982:388) te wysig deur die woorde "NGB en" te herroep; en

11.2 om Studiedeputate aan te wys om die gehele weergawe van die NGB en die Heidelbergse Kategismus wat deur Sinode 1982 goedgekeur is, indringend te bestudeer ten einde vas te stel of daar benewens die wesenlike wysiging van NGB, art 36 ander wysigings aangebring is wat die Dordts-Afrikaanse NGB en Heidelbergse Kategismus in wese en inhoud aantas, of alternatiewelik so deur lidmate verstaan kan word.

E. RAPPORT VAN DIE KOMMISSIE

1. Opdrag

Beswaarskrif PE van der Dussen teen NGB, Art 36.

Besluit: Kennis geneem.

2. Sake ter kennisname

2.1 Die Kommissie het telefonies met die beswaarde kontak gemaak om hom die geleentheid te gee om die Kommissie te woord te staan. Hy het nie van die geleentheid gebruik gemaak om die Kommissie persoonlik te woord te staan nie.

2.2 Die Kommissie het van die Bylae kennis geneem waarin die beswaarde die “Dordts-Nederlandse teks” gee wat hy gebruik het.

Daar moet egter op gelet word dat die aanvaarde teks by die Sinode van Dordt 1618/1619 die Franse teks was (kyk Schaff, 1983 se “The Creeds of Christendom” p383)

Dit is dan ook die rede waarom die Deputate van Sinode 1982 die vertaling uit die Frans gedoen het.

2.3 Die Kommissie het prof CFC Coetzee te woord gestaan wat gemoeid was met die vertaling van die Belydenisskrifte wat in 1982 goedgekeur is.

Besluit: Kennis geneem.

3. Besluit waarteen beswaar gemaak word en beswaar – 1

Die vertaling van NGB en die Heidelbergse Kategismus soos goedgekeur in 1982, veral tov NGB, art 36. Die beswaar is dat hierdie besluit die inhoud van NGB, art 36 ingrypend verander het.

Besluit: Kennis geneem.

4. Die beswaarde se rede waarom die beswaar voorgehou word – 2

1 Jes 40:8.
2 Handelinge 1970:411, 7.b.

Hiervan is deur die Kommissie kennis geneem, aangesien dit nie deel van die beswaargronde is wat die beswaar moet bewys nie.

Besluit: Kennis geneem.

5. Beoordeling van beswaargronde

5.1 *Beswaargrond 1*

5.1.1 Bewering van beswaarde

Die beswaarde beweer dat die Studiedeputate en Advieskommissie die opdrag van Sinode 1979 oorskry het.

5.1.2 Beredenering van beswaarde

Die beswaarde beredeneer dat 1979 se besluit taalkundig is; dit gaan oor 'n vertaling wat gedoen moes word. Volgens die beswaarde is NGB, art 36 se inhoud en betekenis egter wesenlik verander sonder dat die noodsaak vir die wysigings vanuit die Skrif aangetoon is. Hy stel dat as dit nodig sou gewees het om die inhoud te verander, dit slegs op grond van die Skrif gedoen kon word. Hy beweer ook dat hierdie besluit van 1982 die Gereformeerde Kerke op die glybaan van relativisme en post-modernisme plaas.

5.1.3 Beoordeling

Die beswaarde maak stellings maar bewys nie dat die Deputate die inhoud van NGB, art 36 vanuit die oorspronklike goedgekeurde Franse teks met hulle vertaling verander het nie. Hy bewys ook nie dat dit die Gereformeerde Kerke op die pad van relativisme en post-modernisme plaas nie.

5.1.4 Bevinding

Die beswaarde bewys nie dat die Studiedeputate en Advieskommissie die opdrag van Sinode 1979 oorskry het nie.

Besluit: Kennis geneem van 5.1.1 tot 5.1.4.

5.1.5 Aanbeveling

Beswaargrond 1 slaag nie

Besluit: Goedgekeur.

5.2 *Beswaargrond 2*

5.2.1 Bewering van beswaarde

Die beswaarde beweer dat die vervanging van die woord "verorden" met "aangestel" in 1982 'n betekenisverskuiwing behels aangesien die terme nie sinonieme is nie.

5.2.2 Beredenering van beswaarde

Volgens die beswaarde beteken "verorden" volgens die HAT "voorskryf, bepaal, beveel, gelas". Die beswaarde beweer dus daardeur dat NGB, art 36 voor 1982 beteken het dat God slegs beveel/ bepaal dat daar 'n owerheid moet wees wat oor die verdorwe mens regeer.

"Aanstel" beteken volgens HAT: "iemand vir 'n pos kies en hom daarin aanstel". Die beswaarde beweer God het in die Ou Testament rigters/konings aangestel vir Israel, maar dit is in Christus vervul. Hiermee beweer die beswaarde dus dat dit na Christus nie meer die geval is dat God owerhede aanstel nie, maar dat Hy net regerings wil hê en roep soos Hy elke mens roep.

Die beswaarde beweer dat deur "verorden" met "aanstelling" te vervang is spanning gebring met die voorwaarde om net aan die owerhede gehoorsaam te wees in alles wat nie stry met God se Woord nie, asook met NGB, artt 27-29. Hy beweer dat kritiek teen die owerheid of om teen die owerheid te stem gevolglik opstand teen God sou wees. Die beswaarde beweer demokrasie sou dan sonde wees.

5.2.3 Beoordeling

Die beswaarde laat buite rekening dat God in die Ou Testament nie net Israel se konings nie, maar ook die heidene se konings aangestel het. In Dan 2:21 sê Daniël aan die heidense koning Nebukadnesar van God: "Hy sit konings af en stel konings aan" en in 2:37 "U, o koning, koning van die konings aan wie die God van die hemel die koningskap, die krag en die sterkte en die eer verleen het", en in 4:32 "en hulle

sal jou uit die mensdom verstoot ... totdat jy erken dat die Allerhoogste mag het oor die koningskap van die mens, en dit gee aan wie Hy wil."
In Joh 19:11 sê Christus aan die heiden regeerder Pilatus: "…U sou geen mag teen My hê as dit u nie van bo gegee was nie."
In Rom 13:1 waar Paulus die owerheid 'n "instelling van God" noem, gebruik hy 'n Griekse woord van die stamwoord ταssώ wat beteken *appoint* (aanstel) sowel as *command* (beveel) (Woordeboek in die UBS Griekse Bybel).
Greijdanus, in sy "Kommentaar op het Oude Testament" by Rom 13:4 waar Paulus die owerheid 'n dienaar (διακονος) van God noem, sê dat aangesien nie die meer algemene woord δουλος gebruik is nie, dit beteken dat God die owerheid aangestel het.
'n Owerheid is dus duidelik 'n instelling en aanstelling van God.
Die woord "verorden/verordineer" beteken ook nie altyd soos die beswaarde beweer net "beveel" of "wil hê" nie. In Hand 13:48 word dit t.o.v. die uitverkiesing gebruik: "...almal wat verordineer was tot die ewige lewe".
Die owerheid – as – aanstelling beteken nie onvoorwaardelike gehoorsaamheid daaraan nie al is sy bevele in stryd met die Woord van God. In Hand 4:5,19 en 5:27-29 stel Petrus en Johannes aan die ouderlinge, owerstes en hoëpriester dat hulle aan God meer gehoorsaam as aan mense moet wees.

5.2.4 Bevinding

Vervanging van "verorden" met "aanstel" in 1982 behels nie 'n verreikende betekenis verskuiwing van NGB, art 36 nie.

Besluit: Kennis geneem van 5.2.1 tot 5.2.4.

5.2.5 Aanbeveling

Beswaargrond 2 slaag nie.

Besluit: Goedgekeur.

5.3 *Beswaargrond 3*

5.3.1 Bewering van beswaarde

Die beswaarde beweer dat die vervanging van "vromes" met "deugsames" in 1982 behels 'n ingrypende betekenis verskuiwing.

5.3.2 Beredenering van beswaarde

Vromes dui volgens die beswaarde op die versamelde kerk van alle eeue en deugsames op goeies. Hy beweer alle deugsames is nie vromes nie. Deugsaam bring volgens die beswaarde die mens se eie verdienste na vore en stry met NGB, artt 15-17.

5.3.3 Beoordeling

Dat deugsaamheid op eie verdienstelikheid staan en net "goeies" beteken, is nie kerklike taal nie. Die kerkvaders en Reformatore het dikwels die term "deug" vir gelowiges gebruik. Augustinus onderskei bv sewe belangrike deugde waarvan die eerste drie gawes van die Gees is: geloof, hoop en liefde (Patrologia Latina, Vol 42, p1082). Luther noem geloof bv. ook "die religieuse hoofdeug" (kyk Loofs, 1902. Handboek voor de beoefening van de Dogmengeschiedenis, p353).
Buitendien, in die Franse teks word die volgende gebruik: *et maintenun les gens de biens* wat letterlik beteken: "om hulle wat goed doen te beskerm".

5.3.4 Bevinding

Die beswaarde bewys nie dat vervanging van "vromes" met "deugsames" in 1982 'n ingrypende betekenisverskuiwing van art 36 teweegbring nie.

Besluit: Kennis geneem van 5.3.1 tot 5.3.4.

5.3.5 Aanbeveling

Beswaargrond 3 slaag nie.

Besluit: Goedgekeur.

5.4 *Beswaargrond 4*

5.4.1 Bewering van beswaarde

Die beswaarde beweer dat die vervanging van “amp” met “taak” in 1982 die owerheid in ‘n sekulêre dampkring plaas en hom van die verantwoordelikheid as geroepene ontneem.

5.4.2 Beredenering van beswaarde

Die beswaarde beweer “amp” beteken skriftuurlik “roeping” waaruit take verleen is. “Taak” is enger as “amp” en ondergeskik daaraan en maak art 36 los van kerklike woordgebruik.

5.4.3 Beoordeling

Skriftuurlik beteken “amp” : “diens” en sluit nie “taak” uit nie. Polman gebruik in sy verklaring van art 36 deurlopend “taak/amp/werksaamheid” as sinonieme (Woord en Belydenis – art 36). “Taak/amp” word dus wel in kerklike taal as sinonieme gebruik.

5.4.4 Bevinding

Die beswaarde bewys nie dat vervanging van die woord “amp” met “taak” die betekenis van art 36 ingrypend verander het nie

Besluit: Kennis geneem van 5.4.1 tot 5.4.4.

5.4.5 Aanbeveling

Beswaargrond 4 slaag nie.

Besluit: Goedgekeur.

5.5 *Beswaargrond 5*

5.5.1 Bewering van beswaarde

Die kern van die beswaarde se bewering is dat die vervanging van “burgerlike regering” met “staatsbestuur” ‘n kardinale wysiging van art 36 is, omdat nie meer die burgery of volk voorop staan nie, maar die staatsbestuur.

5.5.2 Beredenering van beswaarde

Die beswaarde beweer dat met bg. vervanging die klem van die burgery/volk na “die ont-persoonlike”, abstrakte staat verskuif as voorwerp van owerheidsoptrede.

5.5.3 Beoordeling

Polman (Onze Nederlandsche Geloofsbelijdenis, p270) toon duidelik die onderskeid in hierdie artikel tussen die geestelike en politieke, waarvan die eerste tot die siel en die tweede op die teenwoordige dinge betrekking het. Die eerste is inwendig en die tweede reël die uitwendige sedes.

Die Kommissie oordeel dat die uiterlike regering in art 36 nie met die term “burgerlike owerheid” gereël word nie, maar met die belydenis dat deur wette regeer moet word, losbandigheid van die mense in bedwang gehou moet word, die swaardmag en oor die kerk, die beskerming van die Woordbediening.

5.5.4 Bevinding

Die vervanging van “burgerlike regering” met “staatsbestuur” bring nie die inhoud van art 36 in gedrang nie en verander niks aan die taak van die owerheid soos die artikel dit stel nie.

Besluit: Kennis geneem van 5.5.1 tot 5.5.4.

5.5.5 Aanbeveling

Beswaargrond 5 slaag nie.

Besluit: Goedgekeur.

5.6 *Beswaargrond 6*

5.6.1 Bewering van beswaarde

Die kern van die beswaarde se bewering is dat die owerheid se taak nie die beskerming van die “heilige Woordbediening” is (soos in 1982 vertaling) om sodoende afgodery en valse godsdiens teen te gaan nie, maar hul amp is “om die hand aan die heilige kerkdiens te hou” sodat die ware kerk met sy ampsuitoefening afgodery en valse godsdiens kan weer en uitroei.

5.6.2 Beredenering van beswaarde

Die beswaarde beweer dat die verandering van die woorde “hand aan heilige kerkdiens te hou” na “om die heilige Woordbediening te beskerm”, die owerheid

gesag gee om te heers oor die ware kerk en die weg tot ‘n staatsbeheerde kerk open. Dit gee volgens die beswaarde die owerheid die reg om die grens van sy bevoegdheid te oorskry en hulle aan te matig om self die Woordbediening te bedryf en daaroor toesig te hou. Dit bring volgens hom art 36 met artt 27-29 in stryd.

5.6.3 Beoordeling

Die beswaarde bewys nie sy bewerings van hoe in die vertaling van 1982 die owerheid die Woordbediening kan bedryf en daaroor toesig kan hou nie en ook nie hoe dit art 36 met artt 27-29 in stryd bring nie.

Polman (Woord en Belydenis:309) omskryf die taak van die owerheid om belemmering van die pad van die evangelie weg te neem dat die Woord sy loop kan neem. Feenstra (Onse Geloofsbelydenis – 1966) leer by art 36 dat die owerheid die taak het om te sorg dat die kerk haar godsdiensoefening ongestoord kan verrig. Kruger e.a (Kerkorde verklaring, 1966:170) beskryf heilige kerkdiens as primêr eredienste e.a. openbare verrigting.

Volgens al bogenoemde is die hoofinhoud van die heilige kerkdiens juis die Woordverkondiging.

5.6.4 Bevinding

Die beswaarde bewys nie dat die vertaling van “heilige woordbediening” art 36 se inhoud verander nie.

Besluit: Kennis geneem van 5.6.1 tot 5.6.4.

5.6.5 Aanbeveling

Beswaargrond 6 slaag nie.

Besluit: Goedgekeur.

5.7 *Beswaargrond 7*

5.7.1 Bewering van beswaarde

Die beswaarde beweer dat die verandering van die woord “weer” van afgodery na “teengaan”, bevry die owerhede van die amp om die “hand aan die heilige kerkdiens te hou”.

5.7.2 Beredenering van beswaarde

Die beswaarde se beredenering handel oor die verandering van die “ten gronde rig van die Antichris” na “die ryk van die Antichris te vernietig”, en beweer dit is aanmatigend omdat geen aardse mag, ook die owerheid, die ryk van die Antichris kan vernietig nie en dat die mens net deur die genade van God staande bly.

5.7.3 Beoordeling

Die “weer/teengaan” van afgodery staan ivm die Woordbediening. Sinode 1973 het dit juis verander op grond van ‘n beswaar van prof DCS van der Merwe, wat aangetoon het dat die owerheid nie ‘n vierledige taak het nl. om aan staatsbestuur aandag te gee, Woordbediening te beskerm, afgodery en valse godsdiens teen te gaan en koninkryk van Jesus Christus te bevorder nie. Die owerheid moet aan staatsbestuur en beskerming van die Woordbediening aandag gee, sodat die Woordbediening afgodery en vals godsdiens kan teen gaan en die Koninkryk van Jesus Christus kan bevorder.

Die beswaarde bly in gebreke om aan te toon hoe die verandering van “ten gronde te rig” na “vernietig”, iets te make het met die verandering van “weer” na “teengaan”.

By hierdie gedeelte is die beswaarde se beredenering van 9.3 onsamehangend.

5.7.4 Bevinding

Die beswaarde bewys nie dat die verandering van “ten gronde rig” na “vernietig” die owerheid van sy amp bevry om “die hand aan die heilige kerkdiens te hou” nie.

Besluit: Kennis geneem van 5.7.1 tot 5.7.4.

5.7.5 Aanbeveling

Beswaargrond 7 slaag nie.

Besluit: Goedgekeur.

5.8 *Beswaargrond 8*

5.8.1 Bewering van beswaarde

Die beswaarde beweer “eerbied” beteken: “ hoogagting” en “eer” beteken: “agting en aansien”. Die beswaarde beweer verder dat die verandering van “eerbied” na “eer” en die invoeging van “onderdanigheid” in 1982 ‘n verswakking van die daaropvolgende voorwaardelike vereiste is dat owerhede gehoorsaam moet word in alles wat nie met die Woord van God in stryd is nie.

5.8.2 Beredenering van beswaarde

Die beredenering van beswaargrond 8 bring in elke punt nuwe sake na vore wat nie in verband staan met die beswaargrond nie.

10.1 haal verskillende vertalings aan, 10.2 gaan oor “dat” en “sodat”, 10.3 oor “weë” en “handelinge”, 10.4 oor “waardigheid” en “eerbaarheid”, 10.5 oor die wederdopers wat nie “verwerp” nie, maar “verfoei” word.

5.8.3 Beoordeling

Die Kommissie vind geen verband tussen die beredenering en die beswaargrond nie. Die invoeging van “onderdanigheid” en verandering van “eerbied” na “eer” verander nie art 36 se inhoud nie. “Eer” word in die Bybel tov die owerheid gebruik in Rom 13:7 en 1 Pet 2:17. Heidelbergse Kategismus Sondag 39 impliseer ook onderdanigheid aan die owerheid.

5.8.4 Bevinding

Die beswaarde bewys die beswaargrond nie

Besluit: Kennis geneem van 5.8.1 tot 5.8.4.

5.8.5 Aanbeveling

Beswaargrond 8 slaag nie.

Besluit: Goedgekeur.

6. Sake waaroor die Sinode besluit

Aanbeveling oor Beswaarskrif: Die Beswaarskrif slaag in geheel nie.

Besluit: Goedgekeur.

7. In die lig daarvan dat daar Deputate vir die hervertaling van die Belydenisskrifte is, word die beswaarde daarop gewys dat hy insette by hierdie Deputate vir die vertalings kan lewer.

Besluit: Goedgekeur.